



PRICE: S.A. 10c OVERSEAS 15c

PRYS: S.A. 10c OORSEE 15c

VOL. 220

PRETORIA 11 AUGUST,
11 AUGUSTUS 1976

3837

IMPORTANT ANNOUNCEMENT**CLOSING TIME OF ADMINISTRATOR'S NOTICES,
ETC.**

As 6 September 1976, is a public holiday, the closing time for acceptance of Administrator's Notices etc., will be as follows:

12h00 on Tuesday 31 August 1976, for the issue of the *Provincial Gazette* of Wednesday, 8 September 1976.

N.B. — Late notices will be published in the subsequent issues.

I. D. P. BURGER,
Provincial Secretary.

No. 158 (Administrator's), 1976.

PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 90 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, to promulgate an Ordinance, assented to by the State President-in-Council;

Now, therefore, I do hereby promulgate the Appropriation Ordinance, 1976, which is printed hereunder.

Given under my Hand at Pretoria, on this 3rd day of August, One thousand Nine hundred and Seventy-six.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PR. 4-11(1976/16)

Ordinance No. 9 of 1976.
(Assented to on 28th July, 1976).
(English copy signed by the State President).

AN ORDINANCE

To apply a sum not exceeding R740 455 000 towards the service of the Province of Transvaal during the year ending on the 31st day of March, 1977.

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal as follows: —

Pro-
vin-
cial
Reve-
nue
Fund
charg-
ed with
R731 826 000

1. The Provincial Revenue Fund is hereby charged with such sums of money as may be required for the service of the Province during the year ending on the 31st day of March, 1977, not exceeding in the aggregate the sum of seven hundred and thirty one million eight hundred and twenty six thousand rand.

BELANGRIKE AANKONDIGING**SLUITINGSTYD VIR ADMINISTRATEURSKEN-
NISGEWINGS, ENSOVOORTS.**

Aangesien 6 September 1976 'n openbare vakansiedag is, sal die sluitingstyd vir die aanname van Administrateurskennisgewings, ensovoorts, soos volg wees:

12h00 op Dinsdag 31 Augustus 1976 vir die uitgawe van die *Provinsiale Koerant* van Woensdag 8 September 1976.

N.B. — Laat kennisgewings sal in daaropvolgende uitgawes geplaas word.

I. D. P. BURGER,
Provinsiale Sekretaris.

No. 158 (Administrateurs-), 1976.

PROKLAMASIE

Nademaal by artikel 90 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, aan my die bevoegdheid verleen word om 'n ordonnansie, waarin die Staatspresident-in-rade toegestem het, af te kondig;

So is dit dat ek hierby die Begrotingsordonnansie, 1976, wat hieronder gedruk is, afkondig.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 3de dag van Augustus, Eenduisend Negehonderd Ses-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PR. 4-11(1976/16)

Ordonnansie No. 9 van 1976.
(Toestemming verleen op 28 Julie 1976).
(Engelse eksemplaar deur die Staatspresident onderteken).

'N ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n bedrag van hoogstens R740 455 000 tot die diens van die Provinsie Transvaal gedurende die jaar wat op die 31ste dag van Maart 1977 eindig.

DIE Provinsiale Raad van Transvaal VERORDEN AS VOLG: —

Pro-
vin-
siale
Inkom-
ste-
fonds
belas
met
R731 826 000

1. Die Provinsiale Inkomstefonds word hierby vir alle geldbedrae gedebiteer wat nodig mag wees vir die diens van die Provinsie gedurende die jaar wat op die 31ste dag van Maart 1977 eindig, tot 'n bedrag van altesaam hoogstens sewe honderd een en dertig miljoen agt honderd en ses en twintig duisend rand.

To defray normal or recurrent expenditure R622 876 000

To defray capital or non-recurrent expenditure R108 950 000

How money is to be applied.

2. The money appropriated by section 1 shall be applied to the services as detailed in the First Schedule to this Ordinance and more particularly specified in the Estimates of Expenditure (Nos. T.P. 2 and 3 of 1976) as approved by the Provincial Council, and subject to section 3 hereof and to no other purpose.

Administrator may authorise variations.

3. With the approval of the Administrator, acting with the consent of the Executive Committee, a saving on any subhead of a vote may be made available to meet excess expenditure on any other subhead or expenditure on a new subhead of the same vote: Provided that no excess shall be incurred on the sums appearing in column 2 of the Schedules to this Ordinance nor shall savings thereon be available for any purpose other than that for which the money is hereby granted.

Major Road Plant Fund charged with R8 629 000

4. The Major Road Plant Fund established in terms of section 2 of the Major Road Plant Ordinance, 1960 (Ordinance 10 of 1960) is hereby charged with such sums of money as may be required for the purchase of major road plant during the year ending on the 31st day of March, 1977, not exceeding in the aggregate the sum of eight million six hundred and twenty nine thousand rand as shown in column 1 of the Second Schedule to this Ordinance.

Short title.

5. This Ordinance shall be called the Appropriation Ordinance, 1976.

FIRST SCHEDULE

No. of Vote	Service	Column 1	Column 2
		R	R
1	General Administration	61 643 000	—
	Including —		
	Grants for —		
	Board for Public Resorts	—	3 000 000
	Performing Arts Council, Transvaal	—	1 395 979
	S.A. Life Saving Society	—	200
	Restoration of Transvaal Battlefields	—	50 000
	Transvaal Agricultural Society	—	100 000
	Foundation Simon van der Stel	—	10 000
	1820 Settlers National Monument Foundation	—	10 000
	Statue Late Gen. J. B. M. Hertzog	—	10 000
	Ex Gratia Payments to Local Authorities in respect of losses on motor vehicle revenue	—	—

Ter bestryding van normale of terugkerende uitgawe R622 876 000

Ter bestryding van kapitaal- of nie-terugkerende uitgawe R108 950 000

Hoe geld aangewend moet word.

2. Die geld by artikel 1 toegestaan word aangewend vir die dienste soos uiteengesit in die Eerste Bylae by hierdie Ordonnansie en wat uitvoeriger omskryf word in die Begroting van Uitgawe (Nos. T.P. 2 en 3 van 1976) soos deur die Provinsiale Raad goedgekeur en onderworpe aan artikel 3 hiervan en vir geen ander doel nie.

Administrator kan magtiging tot veranderings verleen.

3. Met die goedkeuring van die Administrateur, handelende met die toestemming van die Uitvoerende Komitee, kan 'n besparing op enige subhoof van 'n begrotingspos beskikbaar gestel word vir 'n oorskryding van uitgawe op enige ander subhoof of uitgawe op 'n nuwe subhoof van dieselfde begrotingspos: Met dien verstande dat die bedraë wat voorkom in kolom 2 van die Bylaes by hierdie Ordonnansie nie oorskry mag word nie en dat besparings daarop vir geen ander doel aangewend mag word as dié waarvoor die geld hierby toegeken word nie.

Fonds vir Groot Paduitrusting belas met R8 629 000

4. Die Fonds vir Groot Paduitrusting, gestig ingevolge artikel 2 van die Ordonnansie op Groot Paduitrusting, 1960 (Ordonnansie 10 van 1960), word hierby belas met alle geldbedraë wat nodig mag wees vir die aankoop van groot paduitrusting gedurende die jaar wat op die 31ste dag van Maart 1977 eindig, tot 'n bedrag van altesaam hoogstens agt miljoen ses honderd nege en twintig duisend rand soos uiteengesit in kolom 1 van die Tweede Bylae by hierdie Ordonnansie.

Kort titel

5. Hierdie Ordonnansie heet die Begrotingsordonnansie, 1976.

EERSTE BYLAE

No. van Begrotingspos	Diens	Kolom 1	Kolom 2
		R	R
1	Algemene Administrasie	61 643 000	—
	Met inbegrip van —		
	Toelaes vir —		
	Raad vir Openbare Oorde	—	3 000 000
	Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunstes	—	1 395 979
	S.A. Life Saving Society	—	200
	Restourasie van Transvaalse Slagvelde	—	50 000
	Transvaalse Landbougenootskap	—	100 000
	Stigting: Simon van der Stel	—	10 000
	1820 Settlers National Monument Foundation	—	10 000
	Standbeeld: Wyle Genl. J. B. M. Hertzog	—	10 000

FIRST SCHEDULE (Continued)

EERSTE BYLAË (Vervolg)

No. of Vote	Service	Column 1	Column 2
		R	R
	Benoni	—	6 482
	Boksburg	—	9 204
	Brakpan	—	12 036
	Edenvale	—	406
	Fochville	—	128
	Germiston	—	25 356
	Johannesburg	—	103 114
	Kempton Park	—	2 040
	Klerksdorp	—	94
	Krugersdorp	—	1 514
	Nigel	—	1 568
	Pietersburg	—	110
	Pretoria	—	9 960
	Randfontein	—	2 230
	Roodepoort	—	400
	Springs	—	9 742
	Vereeniging	—	772
	Westonaria	—	800
	Other	—	44
	Official entertainment allowances —		
	Provincial Secretary	—	600
	Deputy Secretary and heads of branches	—	900
	Sessional Committee: Internal arrangements	—	200
	Members of the Executive Committee	—	4 500
	Provincial Auditor	—	300
2	Education	193 000 000	—
	Including —		
	Grants for —		
	Foundation for Education, Science and Technology	—	9 900
	Record library	—	3 000
	Film library	—	99 500
	S.A. Red Cross Society	—	800
	S.A. Noodhulpliga	—	1 000
	Official entertainment —		
	Director of Education	—	450
3	Works	27 700 000	—
	Including —		
	Grants for —		
	S.A. Council for Scientific and Industrial Research	—	
	Research on sewer corrosion, sewer design and plumbing	—	1 500
	Ex gratia payments and remissions —		
	Loss of revenue resulting from lettings at nominal rentals —		
	S.A. Association of Arts	—	5 904
	Official entertainment —		
	Director of Works	—	450
4	Hospital and Health Services:		
	Administration	5 094 000	—
	Including —		
	Grants-in-aid to private hospitals and clinics —		

No. van Begrotingspos	Diens	Kolom 1	Kolom 2
		R	R
	Ex gratia-betalings aan Plaaslike Besture ten opsigte van verliese van motorvoertuig-inkomste —		
	Benoni	—	6 482
	Boksburg	—	9 204
	Brakpan	—	12 036
	Edenvale	—	406
	Fochville	—	128
	Germiston	—	25 356
	Johannesburg	—	103 114
	Kemptonpark	—	2 040
	Klerksdorp	—	94
	Krugersdorp	—	1 514
	Nigel	—	1 568
	Pietersburg	—	110
	Pretoria	—	9 960
	Randfontein	—	2 230
	Roodepoort	—	400
	Springs	—	9 742
	Vereeniging	—	772
	Westonaria	—	800
	Ander	—	44
	Amtelike onthaaltoelae —		
	Provinsiale Sekretaris	—	600
	Adjunk-sekretaris, en, afdelingshoofde	—	900
	Sessiekomitee: Huishoudelike reëlings	—	200
	Lede van die Uitvoerende Komitee	—	4 500
	Provinsiale Ouditeur	—	300
2	Onderwys	193 000 000	—
	Met inbegrip van —		
	Toelae vir —		
	Stigting vir Onderwys, Wetenskap en Tegnologie	—	9 900
	Diskoteek	—	3 000
	Filmoteek	—	99 500
	S.A. Rooikruisvereniging	—	800
	S.A. Noodhulpliga	—	1 000
	Amtelike onthaal —		
	Direkteur van Onderwys	—	450
3	Werke	27 700 000	—
	Met inbegrip van —		
	Toelae vir —		
	S.A. Raad vir Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsing	—	
	Navorsing in verband met rioolinvreting en ontwerp, en loodgieterswerk	—	1 500
	Ex gratia-betalings en -kwytskeldings —		
	Verlies aan inkomste as gevolg van verhuurings teen nominale huurgelde —		
	S.A. Kunsvvereniging	—	5 904
	Amtelike onthaal —		
	Direkteur van Werke	—	450
4	Hospitaal en Gesondheidsdienste:		
	Administrasie	5 094 000	—
	Met inbegrip van —		
	Hulptoelae aan private hospitale en klinieke —		

FIRST SCHEDULE (Continued)				EERSTE BYLAE (Vervolg)			
No. of Vote	Service	Column 1	Column 2	No. van Begrotingspos	Diens	Kolom 1	Kolom 2
	Alexandra Health Centre	R	R				
	Avalon Rehabilitation Centre	—	25 000			R	R
	Daspoort Polyclinic	—	1 000		Alexandra-gesondheidsentrum	—	25 000
	Ezibeleni Home	—	3 000		Avalon - rehabilitasiesentrum	—	1 000
	Rand Aid Association	—	4 600		Daspoort-polikliniek	—	3 000
	Jordan House	—	3 000		Ezibeleni-tchuis	—	4 600
	Riverlea Out-patients' Clinic	—	2 000		Randse Hulpvereniging	—	—
	Zuid-Afrikaans Hospital	—	1 880		Jordan House	—	3 000
	National Cancer Society of South Africa	—	1 000		Riverlea - buitepatiënte-kliniek	—	2 000
	Tipuana Home	—	6 720		Zuid-Afrikaanse Hospitaal	—	1 880
	Grants in respect of medical, midwifery and clinical services rendered by local authorities in Bantu, Coloured and Indian townships in their respective areas	—	2 000		Nasionale Kankervereniging van Suid-Afrika	—	1 000
	Pretoria City Council	—	700		Tipuana Tehuis	—	1 000
	Grants for —	—	700		Toelaes ten opsigte van mediese, kraam- en kliniekdienste gelewer deur plaaslike owerbode in Bantoe-, Kleurling- en Indiër-dorpe in hulle onderskeie gebiede	—	—
	South African Red Cross Society for transport of school children to dental clinics	—	2 000		Stadsraad Pretoria	—	6 720
	Medical libraries —	—	2 000		Toelaes vir —	—	—
	Pretoria University	—	700		Suid - Afrikaanse Rooikruisvereniging vir vervoer van skoolkinders na tandheelkundige klinieke	—	2 000
	Witwatersrand University	—	700		Mediese biblioteke —	—	—
	Die Vaderlandse Kinderstrand	—	2 000		Universiteit Pretoria	—	700
	Transvaal Cripple Care Association	—	25 000		Universiteit Witwatersrand	—	700
	St. John Ambulance Association	—	200		Die Vaderlandse Kinderstrand	—	2 000
	S.A. Noodhulpiga	—	300		Kreupelsorgvereniging van Transvaal	—	25 000
	Johannesburg City Council:	—	1 200		St. John Ambulance Association	—	200
	Transport facilities to Edenvale Hospital	—	15 200		S.A. Noodhulpiga	—	300
	Research by the C.S.I.R. in connection with hospital buildings	—	450		Stadsraad Johannesburg: Vervoerfasiliteite na Edenvale-hospitaal	—	1 200
	Official Entertainment —	—	—		Navorsing deur die W.N. N.R. in verband met hospitaalgeboue	—	15 200
	Director of Hospital Services	—	—		Amptelike onthaal —	—	—
5	Provincial Hospitals and Institutions	154 906 000	—	5	Direkteur van Hospitaaldienste	—	450
	Including —	—	—		Provinsiale Hospitale en Inrigtings	154 906 000	—
	Salaries, wages and allowances	—	—		Met inbegrip van —	—	—
	Special merit allowances: full-time medical staff	—	5 800		Salarisse, lone en toelaes —	—	—
6	Roads and Bridges	134 039 000	—	6	Spesiale verdienstelikheidstoelaes: voltydse medici	—	5 800
	Including —	—	—		Paaie en Brûe	134 039 000	—
	Official Entertainment —	—	—		Met inbegrip van —	—	—
	Director of Roads	—	450		Amptelike Onthaal —	—	—
7	Interest and Redemption	39 361 000	—	7	Direkteur van Paaie	—	450
8	Library and Museum Service	2 265 000	—	8	Rente en Delging	39 361 000	—
	Including Grants for —	—	—		Biblioteek- en Museumdiens	2 265 000	—
	S.A. Library Association's vacation school	—	100		Met inbegrip van toelaes vir —	—	—
	National Drama Library	—	1 500		S.A. Biblioteekvereniging se vakansieskool	—	100
		—	—		Nasionale Dramabiblioteek	—	1 500

FIRST SCHEDULE (Continued)			
No. of Vote	Service	Column 1	Column 2
		R	R
9	Nature Conservation	2 058 000	—
	Including Grants for —		
	National Parks Board	—	50 000
	Wild Life Protection Society of South Africa	—	300
	Federal Problem Animal Control Association	—	10 000
	C.S.I.R. —		
	Mammal Research	—	9 000
	National Unit for Bird Ringing	—	6 000
10	Local Government	2 810 000	—
	Including —		
	Grants for —		
	Communities in need of aid:		
	Essential services and development	—	147 000
	Air pollution research group	—	1 000
	City Council of Pretoria R.A.U.	—	180 000
	Official Entertainment —		
	Director of Local Government	—	450
	Capital Expenditure:		
11	Works	94 450 000	
12	Bridges	14 500 000	
		R731 826 000	

EERSTE BYLAE (Vervolg)			
No. van Begrotingspos	Diens	Kolom 1	Kolom 2
		R	R
9	Natuurbeewaring	2 058 000	—
	Met inbegrip van toelaes vir —		
	Nasionale Parkeraad	—	50 000
	Wildbeskermingsvereniging van Suid-Afrika	—	300
	Federale Probleemdierbeheervereniging	—	10 000
	W.N.N.R. —		
	Soogdiernavorsing	—	9 000
	Nasionale Eenheid vir Voelbering	—	6 000
10	Plaaslike Bestuur	2 810 000	—
	Met inbegrip van —		
	Toelaes vir —		
	Hulpbehoewende gemeenskappe —		
	Essensiële dienste en ontwikkeling	—	147 000
	Lugbesoedlingsnavorsingsgroep	—	1 000
	Stadsraad van Pretoria R.A.U.	—	180 000
	R.A.U.	—	10 000
	Amptelike Onthaal —		
	Direkteur van Plaaslike Bestuur		450
	Kapitaaluitgawe —		
11	Werke	94 450 000	
12	Brûe	14 500 000	
		R731 826 000	

SECOND SCHEDULE.		
(Chargeable to Major Road Plant Fund)		
Service	Column 1	Column 2
Purchase of Major Road Plant	R8 629 000	—

TWEEDE BYLAE		
(Ten laste van die Fonds vir Groot Paduitrusting)		
Diens	Kolom 1	Kolom 2
Aankoop van Groot Paduitrusting	R8 629 000	—

No. 159 (Administrator's), 1976.

PROCLAMATION

by the Deputy Administrator of the Province Transvaal.

In terms of the powers vested in me by section 2 of the Cemetery Ordinance, 1932 (Ordinance 8 of 1932) —

(a) I hereby disestablish the Cemetery Committee, which was constituted by Proclamation 219 of 27 July 1966 for the Jan Kempdorp Cemetery; and

(b) I hereby constitute a new Committee for the said Cemetery, which shall consist of the following members:

- Mr. J. W. van Schalkwyk
- Mr. B. J. Liebenberg

No. 159 (Administrateurs-), 1976.

PROKLAMASIE

deur die Waarnemende Administrateur van die Provinsie Transvaal.

Ingevolge die bevoegdheid aan my verleen by artikel 2 van die Begraafplaas-ordonnansie, 1932 (Ordonnansie 8 van 1932) —

(a) ontbind ek hierby die Begraafplaaskomitee, wat by Proklamasie 219 van 27 Julie 1966 vir die Jan Kempdorpbegraafplaas ingestel is; en

(b) stel ek hierby 'n nuwe Komitee vir genoemde Begraafplaas in, bestaande uit die volgende lede:

- Mnr. J. W. van Schalkwyk
- Mnr. B. J. Liebenberg

Mr. T. Steyn

Mr. P. L. Visser

Given under my Hand at Pretoria, this 30th day of July, One thousand Nine hundred and Seventy-six.

D. S. v.d. M. BRINK,

Deputy Administrator of the Province Transvaal.

TW. 6-6-1

No. 160 (Administrator's), 1976.

PROCLAMATION

Under the powers vested in me by section 4 of the Local Authorities Roads Ordinance, 1904, read with section 80 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, I do hereby proclaim the road over the Remainder of the farm Vanderbijl Park No. 550-I.Q. as more fully described by the letters A B C D E on Diagram S.G. No. A.1511/76 as a public road under the jurisdiction of the Town Council of Vanderbijlpark.

Given under my Hand at Pretoria, this 22nd day of July, One thousand Nine hundred and Seventy-six.

D. S. v.d. M. BRINK,

Deputy Administrator of the Province Transvaal.

PB. 3-6-6-2-34-10

No. 161 (Administrator's), 1976.

PROCLAMATION

APPLICATION OF CERTAIN PROVISIONS OF THE LOCAL GOVERNMENT ORDINANCE 1939, TO THE HEALTH COMMITTEE OF SECUNDA.

Under the powers vested in me by section 171(a) of the Local Government Ordinance, 1939, I hereby apply the provisions of sections 81 to 88 inclusive and 133 to 143 inclusive, *mutatis mutandis* to the Health Committee of Secunda.

Given under my Hand at Pretoria, this 19th day of July, One thousand Nine hundred and Seventy-six.

D. S. v.d. M. BRINK,

Deputy Administrator of the Province Transvaal.

PB. 3-2-2-245

No. 163 (Administrator's), 1976.

PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby, in respect of Portions 70 and 88 (portions of Portion 12), of the farm Zesfontein 27-I.R., district Benoni, remove condition 1B(a) in Deeds of Transfer 31668/1966 and 31669/1966 and

Mnr. T. Steyn

Mnr. P. L. Visser

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 30ste dag van Julie, Eenduisend Negehoenderd Ses-en-sewentig.

D. S. v.d. M. BRINK,

Wnde. Administrateur van die Provinsie Transvaal.

TW. 6-6-1

No. 160 (Administrateurs-), 1976.

PROKLAMASIE

Kragtens die bevoegdheede aan my verleen by artikel 4 van die "Local Authorities Roads Ordinance, 1904", gelees met artikel 80 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 proklameer ek hierby die pad oor die Restant van die plaas Vanderbijl Park No. 550-I.Q. soos meer volledig aangedui deur die letters A B C D E op Kaart L.G. No. A.1511/76 tot 'n publieke pad onder die regsbevoegdheid van die Stadsraad van Vanderbijlpark.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 22ste dag van Julie, Eenduisend Negehoenderd Ses-en-sewentig.

D. S. v.d. M. BRINK,

Wnde. Administrateur van die Provinsie Transvaal.

PB. 3-6-6-2-34-10

No. 161 (Administrateurs-), 1976.

PROKLAMASIE

TOEPASSING VAN SEKERE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP PLAASLIKE BESTUUR, 1939, OP DIE GESONDHEIDSKOMITEE VAN SECUNDA.

Kragtens die bevoegdheede aan my verleen by artikel 171(a) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, pas ek hierby die bepalings van artikels 81 tot en met 88 asook 133 tot en met 143, van gemelde Ordonnansie *mutatis mutandis* toe op die Gesondheidskomitee van Secunda.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 19de dag van Julie, Eenduisend Negehoenderd Ses-en-sewentig.

D. S. v.d. M. BRINK,

Wnde. Administrateur van die Provinsie Transvaal.

PB. 3-2-2-245

No. 163 (Administrateurs-), 1976.

PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem, te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek met betrekking tot Gedeeltes 70 en 88 (gedeeltes van Gedeelte 12), van die plaas Zesfontein 27-I.R., distrik Benoni, voorwaarde 1B(a) in Aktes van Transport 31668/1966 en 31669/1966 en voorwaarde

condition. 1(c) in Deed of Transfer 32567/1947 in respect of both portions.

Given under my Hand at Pretoria, this 26th day of July, One thousand Nine hundred and Seventy-six.

D. S. v.d. M. BRINK,
Deputy Administrator of the Province Transvaal.
PB. 4-15-2-5-27-1

1(c) in Akte van Transport 32567/1947 ten opsigte van albei gedeeltes ophef.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 26ste dag van Julie, Eenduisend Negehonderd Ses-en-sewentig.

D. S. v.d. M. BRINK,
Wnde. Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PB. 4-15-2-5-27-1

No. 164 (Administrator's), 1976.

PROCLAMATION

The Schedule to Administrator's Proclamation 95 of 2 June, 1976 is hereby rectified by the insertion of the expression "and any erf acquired by the State", between the words "hereof" and "shall" in the second line of Clause 2(1).

Given under my Hand at Pretoria, this 26th day of July, One thousand Nine hundred and Seventy-six.

D. S. v.d. M. BRINK,
Deputy Administrator of the Province Transvaal.
PB. 4-2-2-1864

No. 164 (Administrateurs-), 1976.

PROKLAMASIE

Die Bylae tot Administrateursproklamasie 95 van 2 Junie 1976 word hierby verbeter deur die invoeging van die uitdrukking "en enige erwe wat deur die Staat verkry word" tussen die woorde "hiervan" en "is" in die tweede reël van Klousule 2(1).

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 26ste dag van Julie, Eenduisend Negehonderd Ses-en-sewentig.

D. S. v.d. M. BRINK,
Wnde. Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PB. 4-2-2-1864

No. 162 (Administrator's), 1976.

PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now, therefore I do hereby;

(1) in respect of Lot 548, situate in Bryanston Township, district Johannesburg, held in terms of Deed of Transfer 3186/1971, remove condition (e); and

(2) amend Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme 1, 1959, by the rezoning of Lot 548, Bryanston Township, district Johannesburg, from "Special Residential" with a density of "One dwelling per erf" to "Special Residential" with a density of "One dwelling per 40 000 sq. ft." and which amendment scheme will be known as Amendment Scheme 586 as indicated on the annexed Map 3 and the scheme clauses.

Given under my Hand at Pretoria, this 26th day of July, One thousand Nine hundred and Seventy-six.

D. S. v.d. M. BRINK,
Deputy Administrator of the Province Transvaal.
PB. 4-14-2-207-14

NORTHERN JOHANNESBURG REGION AMENDMENT SCHEME 586.

The Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme 1, 1959, approved by virtue of Administrator's Proclamation 228 dated 11 November, 1959, is hereby further amended and altered in the manner following:—

The map, as shown on Map 3, Amendment Scheme 586.

No. 162 (Administrateurs-), 1976.

PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem, te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek;

(1) met betrekking tot Lot 548, geleë in dorp Bryanston, distrik Johannesburg, gehou kragtens Akte van Transport 3186/1971, voorwaarde (e) ophef; en

(2) Noordelike Johannesburgstreek-dorpsaanlegskema 1, 1959, wysig deur die hersoneering van Lot 548, dorp Bryanston, distrik Johannesburg, van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per erf" tot "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 40 000 vk. vt." welke wysigingskema bekend staan as Wysigingskema 586 soos aangedui op die bygaande Kaart 3 en die skemaklousules.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 26ste dag van Julie, Eenduisend Negehonderd Ses-en-sewentig.

D. S. v.d. M. BRINK,
Wnde. Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PB. 4-14-2-207-14

NOORDELIKE JOHANNESBURGSTREEK - WYSIGINGSKEMA 586.

Die Noordelike Johannesburgstreek-dorpsaanlegskema 1, 1959, goedgekeur kragtens Administrateursproklamasie 228, gedateer 11 November 1959, word hiermee verder soos volg gewysig en verander:—

Die kaart, soos aangetoon op Kaart 3, Wysigingskema 586.


NORTHERN JOHANNESBURG REGION AMENDMENT SCHEME
 NOORDELIKE JOHANNESBURGSTREEK WYSIGINGSKEMA 586

MAP
 KAART 3

SCALE SKAAL 1:1250 (1 Sheet/Vel)

BRYANSTON TOWNSHIP
 DORP

ERF 548




NOTE

Density colour for erf 548 washed grey

NOTA

Digtheidskleur vir erf 548 is grys

REFERENCE / VERWYSING



1 DWELLING PER 40000 SQUARE FT
 1 WOONHUIS PER 40000 VIERKANTE VT

Density Colour
 Digtheidskleur

SPECIAL RESIDENTIAL
 SPESIALE WOON

RECOMMEND FOR APPROVAL
 VIR GOEDKEURING AANBEVEEL

J. J. R. v. Niekerk
 CHAIRMAN TOWNSHIPS BOARD
 VOORSITTER DORPERAAD

PRETORIA 2003 1976

No. 165 (Administrator's), 1976.

PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby, in respect of Lot 395, situate in Brooklyn Township, city of Pretoria, held in terms of Deed of Transfer 5569/1961, alter condition (b) by the removal of the words: —

“Not more than one dwelling house with the necessary outbuildings and appurtenances shall be erected on the said lot and the said lot shall not be subdivided.”

Given under my Hand at Pretoria, this 15th day of July, One thousand Nine hundred and Seventy-six.

D. S. v.d. M. BRINK,
Deputy Administrator of the Province Transvaal.
PB. 4-14-2-20-6-50

No. 165 (Administrateurs-), 1976.

PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem, te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek, met betrekking tot Lot 395, geleë in dorp Brooklyn, stad Pretoria, gehou kragtens Akte van Transport 5569/1961, voorwaarde (b) gewysig word deur die opheffing van die woorde: —

“Not more than one dwelling house with the necessary outbuildings and appurtenances shall be erected on the said lot and the said lot shall not be subdivided.”

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 15de dag van Julie, Eenduisend Negehonderd Ses-en-sewentig.

D. S. v.d. M. BRINK,
Wnde. Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PB. 4-14-2-20-6-50

ADMINISTRATOR'S NOTICES

Administrator's Notice 989 11 August, 1976

ALBERTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity By-laws of the Alberton Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 1475, dated 30 August 1972, as amended, are hereby further amended by amending the Tariff of Charges under the Schedule as follows:

1. By the insertion in Part A —
 - (a) after item 1(2)(b) of the following:

“(c) A surcharge of 5% on the total amount payable in terms of paragraphs (a) and (b)”; and
 - (b) after item 2(2)(c) of the following:

“(d) A surcharge of 5% on the total amount payable in terms of paragraphs (a), (b) and (c).”
2. By the substitution in Part B —
 - (a) in item 2(1)(a) for the expression “3%” of the expression “8%”; and
 - (b) in item 2(2)(c) for the expression “3%” of the expression “8%”.
3. By the substitution in Part C —
 - (a) in item 2(1)(c) for the expression “5%” of the expression “17,5%”; and
 - (b) in item 2(2)(e) for the expression “2%” of the expression “17,5%”.

PB. 2-4-2-36-4

Administrator's Notice 990 11 August, 1976

ALBERTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity By-laws of the Alberton Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 1475, dated 30 August, 1972, as amended, are hereby further amended by the substitution for Parts A, B, C and D of the Tariff of Charges under the Schedule of the following:

“PART A: BASIC CHARGE.

1. Except as provided in item 3, a basic charge of R60 per annum shall be levied for each erf, stand, premises or other area, with or without improvements, which is or, in the opinion of the Council, can be connected to

ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS

Administrateurskennisgewing 989 11 Augustus 1976

MUNISIPALITEIT ALBERTON: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Alberton, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1475 van 30 Augustus 1972, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Tarief van Gelde onder die Bylae soos volg te wysig:

1. Deur in Deel A —
 - (a) na item 1(2)(b) die volgende in te voeg:

“(c) 'n Toeslag van 5% op die totale bedrag betaalbaar ingevolge paragrawe (a) en (b)”; en
 - (b) na item 2(2)(c) die volgende in te voeg:

“(d) 'n Toeslag van 5% op die totale bedrag betaalbaar ingevolge paragrawe (a), (b) en (c).”
2. Deur in Deel B —
 - (a) in item 2(1)(d) die uitdrukking “3%” deur die uitdrukking “8%” te vervang; en
 - (b) in item 2(2)(c) die uitdrukking “3%” deur die uitdrukking “8%” te vervang.
3. Deur in Deel C —
 - (a) in item 2(1)(c) die uitdrukking “5%” deur die uitdrukking “17,5%” te vervang; en
 - (b) in item 2(2)(e) die uitdrukking “2%” deur die uitdrukking “17,5%” te vervang.

PB. 2-4-2-36-4

Administrateurskennisgewing 990 11 Augustus 1976

MUNISIPALITEIT ALBERTON: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is:

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Alberton, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1475 van 30 Augustus 1972, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Dele A, B, C en D van die Tarief van Gelde onder die Bylae deur die volgende te vervang:

“DEEL A: BASIESE HEFFING.

1. Uitgesonderd soos in item 3 bepaal, word 'n basiese heffing van R60 per jaar gehief vir elke erf, standplaas, perseel of ander terrein, met of sonder verbeterings, wat by die hooftoevoerleiding aangesluit is of, na die me-

the supply main, whether electricity is consumed or not: Provided that where any such erf, stand, premises or other area is occupied by more than one consumer to whom the Council supplies electricity, the basic charge shall be payable in respect of each such consumer.

2.(1) The charge in terms of item 1, shall be payable by the owner or occupier (whose liability shall be joint and several) of such erf, stand, premises or other area.

(2) The charge in terms of item 1, shall be payable on the same date as the rate imposed for that year in terms of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933.

(3) Interest at the rate of 7% per annum, calculated monthly, shall be payable on all charges referred to in item 1 which have not been paid on due date.

3. The charge in terms of item 1 shall not be payable by a township owner for any erf, stand, premises or other area in an approved township: the internal reticulation costs of which were financed by him and are repayable to him by the Council, before such costs have been repaid to him by the Council: Provided that upon such erf, stand, premises or other area being sold or building plans in respect thereof being approved in terms of the Council's Building By-laws, such charge shall become payable therefor.

PART B: DOMESTIC SUPPLY.

1.(1) This tariff shall apply to electricity supplied or made available to flats in a building consisting exclusively or partly of flats used exclusively for residential purposes and where the supply to the flats is metered in bulk.

(2) The following charges shall be payable, per month:

- (a) Fixed charge, whether electricity is consumed or not, per flat: R5.
- (b) Consumption charge, per unit for each unit supplied in excess of 300, per flat: 1,2c.

2.(1) This tariff shall apply to electricity supplied or made available to flats (excluding flats referred to in item 1), sporting clubs situated on land owned by the Council, hostels, homes of charitable institutions, schools (excluding private crèches and nursery schools), churches and public halls.

(2) The following charges shall be payable, per month:

- (a) Consumption charge, per unit for each unit supplied in excess of 300: 1,2c.

3.(1) This tariff shall apply to electricity supplied or made available to private dwellings.

(2) The following charges shall be payable, per month:

- (a) Consumption charge, per unit for each unit supplied in excess of 300: 1,2c.
- (b) Demand charge, per ampère for each ampère, by which the total capacity of the installed tariff circuit breaker/s exceeds 60: 20c.

(3) A charge of R6 shall be payable for replacing a circuit breaker by one of another capacity: Provided that

ning van die Raad; daarby aangesluit kan word, of elektrisiteit verbruik word al dan nie: Met dien verstande dat waar sodanige erf, standplaas, perseel of ander terrein geokkuper word deur meer as een verbruiker aan wie die Raad elektrisiteit lewer, die basiese heffing ten opsigte van elke sodanige verbruiker gehef word.

2.(1) Die heffing ingevolge item 1 is deur die eienaar of bewoner (wie se aanspreeklikheid gesamentlik en afsonderlik is) van sodanige erf, standplaas, perseel of ander terrein betaalbaar.

(2) Die heffing ingevolge item 1 is betaalbaar op dieselfde datum as die belasting wat vir daardie jaar gehef word ingevolge die Plaaslike-Bestuurs-Belastingordonnansie, 1933.

(3) Rente teen 'n koers van 7% per jaar, maandeliks bereken, is betaalbaar op alle gelde in item 1 genoem wat nie op die betaaldatum vereffen is, nie.

3. Die heffing ingevolge item 1 is nie deur 'n dorps-eienaar betaalbaar vir 'n erf, standplaas, perseel of ander terrein in 'n goedgekeurde dorp, die interne elektrisiteits-retikuleringskoste waarvan deur hom gefinansier en deur die Raad aan hom terugbetaalbaar is, voordat sodanige koste nie deur die Raad aan hom terugbetaal is nie: Met dien verstande dat sodra sodanige erf, standplaas, perseel of ander terrein verkoop, of bouplanne ten opsigte daarvan ingevolge die Raad se Bouverordeninge goedgekeur word, sodanige heffing daarvoor betaalbaar is.

DEEL B: HUISHOUDELIKE TOEVOER.

1.(1) Hierdie tarief is van toepassing op elektrisiteit gelewer of beskikbaar gestel aan woonstelle in 'n gebou wat uitsluitend of gedeeltelik uit woonstelle bestaan wat uitsluitend vir woondoeleindes gebruik word en waar die toevoer aan die woonstelle by die grootmaat gemeet word.

(2) Die volgende gelde is betaalbaar, per maand:

- (a) Vaste heffing, of elektrisiteit gebruik word of nie, per woonstel: R5.
- (b) Verbruikersheffing, per eenheid vir elke eenheid gelewer meer as 300, per woonstel: 1,2c.

2.(1) Hierdie tarief is van toepassing op elektrisiteit gelewer of beskikbaar gestel aan woonstelle (uitgesonderd woonstelle in item 1 genoem), sportklubs geleë op grond wat aan die Raad behoort, koshuise, tehuise van liefdadigheidsinrigtings, skole (uitgesonderd private bewaarskole en kleuterskole), kerke en openbare sale.

(2) Die volgende gelde is betaalbaar, per maand:

- (a) Verbruikersheffing, per eenheid vir elke eenheid gelewer meer as 300: 1,2c.

3.(1) Hierdie tarief is van toepassing op elektrisiteit gelewer of beskikbaar gestel aan private woonhuise.

(2) Die volgende gelde is per maand betaalbaar:—

- (a) Verbruikersheffing, per eenheid vir elke eenheid gelewer meer as 300: 1,2c.
- (b) Aanvraagheffing, per ampère vir elke ampère waarmee die totale vermoë van die geïnstalleerde tarief stroombreker/s 60 oorskry: 20c.

(3) 'n Geld van R6 is betaalbaar vir die vervanging van 'n stroombreker met een van 'n ander vermoë: Met

such replacement shall not be made within twelve months of a previous replacement or the commencement of a supply to a consumer: Provided further that such replacement shall be made free of charge if requested by a consumer within three months from the date of publication hereof.

PART C: BUSINESS, INDUSTRIAL AND GENERAL SUPPLY.

1.(1) This tariff shall apply to electricity supplied or made available to shops, offices, restaurants, bars, hotels, tearooms, warehouses, garages, service stations, boarding and lodging houses, private crèches and nursery schools, factories, buildings consisting of business and residential premises and where the supply to the building is measured in bulk, and any premises not provided for elsewhere in this tariff.

(2) The following charges shall be payable per month:

(a) Fixed charge, whether electricity is consumed or not: R10.

(b) Consumption charge, per unit: 2,3c.

2.(1) This tariff shall apply to electricity supplied or made available to public telephone booths.

(2) The following charges shall be payable, per booth per annum: R1,50.

PART D: BULK SUPPLY.

1.(1) This tariff shall apply to electricity supplied or made available for business or industrial premises to a consumer whose declared demand exceeds 50 kVA.

(2) The following charges shall be payable, per month:

(a) Fixed charge, whether electricity is consumed or not: R20.

(b) Demand charge, per kVA: R2,50.

(c) Consumption charge, per unit: 0,4c.

(3) The sum of the charges referred to in subitem (2), shall be subject to a rebate of 13% on the amount thereof in excess of R1 500.

(4) The nett amount calculated in accordance with subitem (3), shall be subject to a surcharge of 17,5%.

(5) The demand charge referred to in subitem (2) (b) shall be calculated on —

(a) the maximum demand registered, or

(b) on expiration of a period of six months from the date of connecting the supply or providing an increased capacity, 70% of the maximum kVA requirements declared by the consumer in his application for a supply or for an increased capacity, whichever is the highest.

(6) The capacity of a supply shall be reduced on six months' notice by the consumer to the Engineer: Provided that notwithstanding such reduction the charge contemplated in subitem (2)(b) shall for a period of eight-

dien verstande dat geen sodanige vervanging binne twaalf maande na 'n vorige vervanging of die aanvang van toevoer aan 'n verbruiker gemaak sal word nie: Voorts met dien verstande dat sodanige vervanging gratis sal geskied indien 'n verbruiker binne drie maande na die datum van publikasie hiervan aldus versoek.

DEEL C: HANDELS-, NYWERHEIDS- EN ALGEMENE TOEVOER.

1.(1) Hierdie tarief is van toepassing op elektrisiteit gelewer of beskikbaar gestel aan winkels, kantore, restaurante, kroë, hotelle, teekamers, pakhuise, motorhuise, diensstasies, losies- en huurkamerhuise, private bewaarskole en kleuterskole, fabriekke, geboue bestaande uit besigheids- en woonpersele en waar die toevoer aan die gebou by die grootmaat gemeet word, en enige perseel waarvoor geen voorsiening elders in hierdie tarief gemaak word nie.

(2) Die volgende gelde is betaalbaar, per maand:

(a) Vaste heffing, of elektrisiteit verbruik word of nie: R10.

(b) Verbruikersheffing, per eenheid: 2,3c.

2.(1) Hierdie tarief is van toepassing op elektrisiteit gelewer of beskikbaar gestel aan openbare telefoonhokkies.

(2) Die volgende gelde is betaalbaar, per hokkie, per jaar: R1,50.

DEEL D: GROOTMAATTOEVOER.

1.(1) Hierdie tarief is van toepassing op elektrisiteit gelewer of beskikbaar gestel vir handels- of nywerheidspersele aan 'n verbruiker wie se verklaarde aanvraag 50 kVA oorskry.

(2) Die volgende gelde is betaalbaar, per maand:

(a) Vaste heffing, of elektrisiteit gebruik word of nie: R20.

(b) Aanvraagheffing, per kVA: R2,50.

(c) Verbruikersheffing, per eenheid: 0,4c.

(3) Die som van die gelde in subitem (2) genoem, is onderhewig aan 'n korting van 13% op die bedrag waarmee dit R1 500 oorskry.

(4) Die netto bedrag ooreenkomstig subitem (3) bereken, is aan 'n toeslag van 17,5% onderhewig.

(5) Die aanvraagheffing in subitem (2) (b) genoem, word bereken op —

(a) die geregistreerde aanvraag, of

(b) by verstryking van 'n tydperk van ses maande na die datum waarop die toevoer aangesluit of die kapasiteit van die toevoer verhoog is, 70% van die maksimum kVA vereistes deur die verbruiker verklaar by sy aansoek om aansluiting of om verhoging van die kapasiteit van die toevoer,

watter ookal die hoogste is.

(6) Die kapasiteit van 'n toevoer word verminder na 6 maande skriftelike kennisgewing deur die verbruiker aan die Ingenieur: Met dien verstande dat niesteenstaande sodanige vermindering, die heffing in subitem (2) (b) ge-

een months from the date of connecting the supply or providing an increased capacity, be calculated as if no such reduction has been made."

The provisions in item 3(2)(b) of Part B contained, shall come into operation three months after the date of publication hereof.

PB. 2-4-2-36-4

Administrator's Notice 991

11 August, 1976

BEDFORDVIEW MUNICIPALITY: AMENDMENT TO SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Sanitary and Refuse Removals Tariff of the Bedfordview Municipality, published under Administrator's Notice 56, dated 13 January, 1971, as amended, is hereby further amended by the substitution for items 1 to 7 inclusive of the following:

"1. Removal of Domestic Refuse from Private Dwellings, Schools and Hostels.

- (1) Per receptacle, per annum: R24.
- (2) Temporary service, per week or part thereof, per receptacle: R1.
- (3) For the removal of additional domestic refuse, per removal, per plastic liner: 25c.

2. Removal of Business Refuse (including Hotels), Trade Refuse, Fish Mongers and Fish Friers Refuse, Obnoxious Refuse, Bulk Refuse of Schools and Refuse not specified elsewhere.

- (1) *By means of an 85 litre refuse receptacle:*
 - (a) Twice weekly, per receptacle, per annum: R30.
 - (b) Thrice weekly, per receptacle, per annum: R45.
 - (c) Five times per week per receptacle, per annum: R70.
- (2) *By means of a 1,6 m³ mini-bulk container (where necessary or required by the Chief Health Officer):*
 - (a) Twice weekly, per month: R40.
 - (b) Thrice weekly, per month: R60.
 - (c) Five times per week, per month: R90.
- (3) *By means of a bulk container (where necessary or required by the Chief Health Officer):*
 - (a) Loose trade refuse, per m³ or part thereof, per removal: R3.
 - (b) Compacted refuse, per m³ or part thereof, per removal: R4.
 - (c) Noxious refuse, per m³ or part thereof, per removal: R4.

(4) By means of a closed compaction type container (where necessary or required by the Chief Health Officer):

- (a) 10 m³ closed compaction type container, per removal: R25.

noem vir 'n tydperk van agtien maande vanaf die datum van aansluiting van die toevoer of die datum waarop 'n verhoogde toevoer verskaf is, bereken word asof geen sodanige vermindering plaasgevind het nie."

Die bepalinge in item 3(2)(b) van Deel B vervat, tree drie maande na die datum van publikasie hiervan in werking.

PB. 2-4-2-36-4

Administrateurskennisgewing 991

11 Augustus 1976

MUNISIPALITEIT BEDFORDVIEW: WYSIGING VAN SANITÊRE EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Sanitêre en Vullisverwyderingstarief van die Munisipaliteit Bedfordview afgekondig by Administrateurskennisgewing 56 van 13 Januarie 1971, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur items 1 tot en met 7 deur die volgende te vervang:

"1. Verwydering van Huishoudelike Vullis vanaf Privaat Woonhuise, Skole en Koshuise.

- (1) Per houer, per jaar: R24.
- (2) Tydelike diens, per week of gedeelte daarvan, per houer: R1.
- (3) Vir die verwydering van addisionele huishoudelike vullis, per verwydering, per plastiese sak: 25c.

2. Verwydering van Besigheidsafval (insluitende Hotelle) Handelsafval, vir Handelaar en Visbraaiersafval, Aanstootlike Afval, Grootmaat Afval of Skole en Afval nie elders gespesifiseer nie.

- (1) *By wyse van 'n 85 liter houer:*
 - (a) Twee keer per week, per houer, per jaar: R30.
 - (b) Drie keer per week, per houer, per jaar: R45.
 - (c) Vyf keer per week, per houer, per jaar: R70.
- (2) *By wyse van 'n 1,6 m³ mini-grootmaathouer (waar nodig of deur die Hoofgesondheidsbeampte voorgeskryf):*
 - (a) Twee keer per week, per maand: R40.
 - (b) Drie keer per week, per maand: R60.
 - (c) Vyf keer per week, per maand: R90.
- (3) *By wyse van 'n grootmaathouer (waar nodig of deur die Hoofgesondheidsbeampte voorgeskryf):*
 - (a) Los handelsafval per m³ of gedeelte daarvan, per verwydering: R3.
 - (b) Kompakte afval, per m³ of gedeelte daarvan, per verwydering: R4.
 - (c) Aanstootlike afval, per m³ of gedeelte daarvan, per verwydering: R4.

(4) By wyse van geslote kompaksie-tipe houer (waar nodig of deur die Hoofgesondheidsbeampte voorgeskryf):

- (a) 10 m³ geslote kompaksie-tipe houer, per verwydering: R25.

(b) 9 m³ closed compaction type container, per removal: R23.

(c) 6 m³ closed compaction type container, per removal: R18.

(5) *Rental of bulk containers:*

(a) 1,6 m³ mini-bulk containers, each, per annum: R60.

(b) Bulk container, each, per annum: R144.

3. *Removal of Refuse at Flats:*

(1) By means of 185 litre refuse bins, 1,6 m³ mini-bulk containers and 9 m³ closed bulk containers: Per flat, per annum: R24.

(2) By means of a 1,6 m³ or 9 m³ closed bulk container filled with compacted refuse, using an approved compaction system (where necessary or required by the Chief Health Officer): Per flat, per annum: R20.

(3) By means of a compaction type container, where necessary or required by the Chief Health Officer: (Council's consent to be obtained): Per flat, per annum: R14.

(4) In the event of compaction systems breaking down, the tariff in terms of item 2(3) shall apply for the removal of additional bulk containers to be removed during this period.

4. *Special Removal Services.*

(1) *By means of truck and crane or tractor and trailer:*

(a) Garden refuse, per m³ or part thereof: R2.

(b) Trade refuse, per m³ or part thereof: R3.

(2) *Removal and emptying of bulk containers, irrespective of the quantity of refuse contained therein or removal:*

(a) Garden refuse, per removal: R12.

(b) Trade refuse, per removal: R20.

(c) Builders debris and soil, per removal: R24.

(d) Rental of bulk containers, per day or part thereof, each: 50c.

5. *Removal of Dead Animals.*

(1) Domestic pets: R1.

(2) Sheep or goats: R5.

(3) Any other animal: R10.

(4) Incineration of animal carcasses under subitems (2) and (3), each: R4.

6. *Removal of Night Soil or Urine:*

(1) Removal thrice weekly, per pail, per month: R2,50.

(2) *Special Removals:*

(a) For the first pail: R1.

(b) For each additional pail: 50c.

(3) *Services for Building Purposes:*

(a) Per pail, per month or part thereof: R2.

(b) 9 m³ geslote kompaksie-tipe houer, per verwydering: R23.

(c) 6 m³ geslote kompaksie-tipe houer, per verwydering: R18.

(5) *Huurgeld van grootmaathouers:*

(a) 1,6 m³ mini-grootmaathouers, elk, per jaar: R60.

(b) Grootmaathouer, elk, per jaar: R144.

3. *Verwydering van Afval by Woonstelle:*

